*Scriptura* 9 (1983) pp 44-55

# KERNLEERPLAN VIR BYBELKUNDE AAN SUIDER-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE*

## *A OPDRAG*

Die Bybelkundekongres van 1982 het aan die Uitvoerende Komitee opdrag gegee om in die lig van die beginsels van kurrikulumontwerp 'n kernleerplan te ontwerp vir die gebruik aan Suider-Afrikaanse universiteite.

Die Uitvoerende Komitee het die volgende persone gevra om op 'n studiekomitee te dien, met die versoek om so 'n kernleerplan te ontwerp: Prof P P A Kotze (UP) as sameroeper, Prof F E Deist (Unisa), drr W B van Wyk (Onderwys en Opleiding) en M J G Coetzer (Onderwyskollege Pretoria). Daarby het die komitee reg van koöpsie.

Die studiekomitee het die opdrag soos volg vertolk:

1 Die leerplan moet nie voorskrywend wees nie, maar rigtinggewend, d w s spesifieke inhoude en wyse van aanbieding word nie voorgeskryf nie. Slegs breë kategorieë van kennis en hoe hulle sinvol geïntegreer en gestruktureer kan word, word aangedui.

2 Dit gaan slegs om voorgraadse werk, d w s eerste tot derde jaar.

3 Hoewel die opdrag ten regte slegs universiteite raak, vertrou ons dat die aanvaarde kernleerplan op die ou end ook sal deursuur na kolleges en skole.

## *B VOORWAARDES VIR LEERPLANONTWERP*

As dit om (a) 'n leerplan gaan wat (b) deur studente aan (c) universiteit gevolg moet word, is daar bepaalde sake wat in gedagte gehou moet word:

Eerstens dat dit hier om universiteite gaan, d w s tersiêre akademiese gehalte en inhoud (in vergelykingmet ander vakke aan

* *Verslag gelewer voor die kongres van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die bevordering van Bybelkunde, April 1982, opgestel deur P P A Kotze, F E Deist, W B van Wyk en M J G Coetzer.*

universiteite). Tweedens gaan dit om 'n leerplan, d w s 'n opvoedkundige entiteit, wat aan bepaalde vereistes moet vol= doen. En derdens gaan dit om mense waarvan sommige die leer= plan aanbied en ander die leerplan volg. Ook dié twee kompo= nente moet deeglike aandag ontvang.

In die lig van dié voorwaardes het die komitee soos volg besin:

1 Akademiese gehalte van die leerplan

a Eerstens moet die leerplan daarin slaag om Bybelkunde so te definieer, dat die *eie aard* daarvan in onderskeiding van ander dissiplines soos Ou- en Nuwe-Testamentiese wetenskap, Sistematiese Teologie, Bybelse Argeologie, Antieke Geskiedenis, Teologiese Etiek en Kerkgeskiedenis duidelik sal blyk. (Dat daar oorvleueling sal wees, spreek vanself.) Dit kan bereik word:

i) deur die klem primêr op die studie van die Bybel as Boek te laat val. Met die klem *primêr* op die Bybel word Bybelkunde onderskei van ander teologiese dissi= plines, maar nie van Ou- en Nuwe-Testamentiese weten= skap nie.

ii) deur 'n onderskeid te maak tussen 'n "algemene prakti= syn" en 'n "spesialis". Die belangrikste onderskeid in dié verband is van tweërlei aard:

*Eerstens* gaan dit in Bybelkunde nie om die Ou Testa= ment en die Nuwe Testament afsonderlik nie, maar om die Bybel in samehang. Daarom moet die kennis omtrent die Bybel *geïntegreerd* oorgedra word, ofte wel ten minste parallel. *Tweedens* moet daar 'n onderskeid bestaan in die wyse waarop daar met die Bybel omgegaan word. Die Ou Testamentikus moet byvoorbeeld in staat wees om selfstandige navorsing uit die grondtale van die Ou Testament te onderneem. Die Bybelkundige daarenteen moet in staat wees om dit wat gedoen *is*, te beoordeel en prakties te gebruik, byvoorbeeld in 'n beroepsituasie.

b Verder moet die leerplan sorg dra dat 'n eerstejaarstudent eerstejaarstandaard, 'n tweedejaarstudent tweedejaarstan= daard, ens. bereik, en wel in twee opsigte, t w *kennis*, *insig* en *vaardigheid*. Daarom moet daar gespesifiseer word

i) wat die verhouding tussen kennis, insig en vaardighede

op elke vlak behoort te wees;

ii) hoe kennisinhoude op elke vlak sinvol gestruktureer kan word en

iii) watter soort vaardighede op elke vlak ontwikkel moet word.

Die eenvoudigste weg hier is om te begin met die *doel* wat aan die einde van drie jaar bereik moet word, vas te stel watter inhoude en vaardighede daardeur veronderstel word, en dan te let op dit wat die voornemende student te bied het:




Die leerplan moet die gaping tussen realiteit (student) en ideaal (doelstelling) gestruktureerd oorbrug deur kennis, insig en vaardighede in sinvolle en logiese eenhede te verskaf:




c Sonder om hier in tê veel detail verstrengel te raak, gee ons 'n paar indrukke van die soort *kennisinhoude* waarin 'n derdejaarstudent moet slaag (vir strukturering, kyk leer= plan):

i) Die eie aard van die Bybel as biblioteek van boeke:

a) Wording en kanonisering.

b) Veronderstellings waarmee die Bybel benader word: kanon, inspirasie, onfeilbaarheid, Woord van God, skopus (sentrum/periferie), ens.

ii) Die geografiese en kultuurhistoriese agtergrond van die Bybel.

iii) Die literêre gestalte van die Bybel.

iv) Die Bybel en geskiedenis.

v) Metodes van Bybelinterpretasie.

vi) Bestaande Bybelinterpretasies.

vii) Enkele kernbegrippe of temas uit die Ou en Nuwe Testament.

viii) Die geskiedenis van die teks van die Bybel.

ix) Bybelvertaling(s).

x) Verstaansprobleme by Bybelinterpretasie. (Perspek= tiewe met betrekking tot interpretasie).

d Die komitee oordeel ook dat 'n derdejaarstudent oor onder andere die volgende *vaardighede* moet beskik:

i) Die gemaklike hantering van literatuur óór die Bybel (nie noodwendig gespesialiseerde monografieë nie, maar byvoorbeeld tydskrifartikels soos dié wat in *Interpretation, Scriptura, Theologia Evangelica,* ens verskyn).

ii) 'n Kritiese vermoë om literatuur oor die Bybel te be= oordeel en te klassifiseer ten opsigte van standpunte en basiese teorieë.

iii) Om 'n populêr-wetenskaplike kommentaar op enige boek van die Bybel te kan verstaan en beoordeel.

iv) 'n Kritiese vermoë om bepaalde tematiese lyne in die Bybel te herken (d w s as hy 'n gedeelte lees, be= hoort hy te weet waar dit in die totaalprentjie inpas).

v) 'n Vermoë om voortaan self sy kennis uit te brei.

vi) 'n Vermoë om die inhoud van bv 'n skoolleerplan te beoordeel en interessant aan te bied (hiermee word nie vakdidaktiek bedoel nie, maar dat die student oor genoeg stof en kritiese vermoë moet beskik om te oor= deel wat sentraal en wat periferaal, wat houdbaar en wat nie houdbaar is nie).

Die leerplan moet nou *gestruktureer* word na aanleiding van 'n aantal opvoedkundige beginsels om hierdie finale doelstellings te bereik.

2 Opvoedkundige gehalte van die leerplan

Sonder om die aantal kriteria wat hier genoem word, hiërargies in te deel, noem ons die volgende:

a Die beskikbare tyd in vergelyking met die leerstof en doelstellings: Nadat besluit is *wat* bereik moet word, volg die besluit *hoe* dit bereik moet word. Die belangrikste beperking op die *hóé*, is tyd. Elke akademiese jaar bestaan uit ongeveer 27 weke met vier lesure elk en elke lesuur duur 40 minute. 'n Akademiese jaar bestaan derhalwe uit ongeveer 70 uur *onderrig* (waarvan 'n gedeelte nog weer aan toetse en eksamen afgestaan moet word). Hierdie feit eis dat die stof *selektief* aangebied word.

b Sommige dele van die stof of sommige vaardighede wat aangeleer moet word, is makliker en ander weer moeiliker. Die leerplan moet dié grade van ingewikkeldheid weerspieël deur 'n *hiërargie* van kursusinhoud, insig en vaardighede daar te stel.

c Die kursus moet *logies* volg, sowel horisontaal as vertikaal. Dit wil sê hoewel sommige vaardighede en inhoude moeiliker as ander is, kan dié kriterium alleen nie genoeg wees nie. Daar is ook iets soos 'n kennisstruktuur, dit wil sê sekere dinge volg logies op ander. 'n Student moet die logiese voortgang van sy leerplan deur die loop van die jaar kan insien, asook die logiese voortgang van een studievlak na 'n ander.

d Die leerplan moet die student *aanmoedig* om voort te gaan, met ander woorde die inhoude en vaardighede wat aangeleer word, moet hom nuuskierig maak vir wat volg.

e Dit moet nie 'n òf-òf-leerplan wees in terme van informasie en probleem-oriëntering nie. Dit wil sê die leerplan moet nie bloot informasie oordra nie (dit sou die kennisaspek oorbeklemtoon) en ook nie bloot probleme oopkrap en teoretiseer nie (dit sou die vaardigheidsaspek oorbeklemtoon). Daarom moet dié twee doelstellings op 'n *glyskaal* verwesenlik word, bv.

| | Informasie | Problematisering |
|---|---|---|
| I | 80% | 20% |
| II | 70% | 30% |
| III | 50% | 50% |

f Die spesifieke kursusinhoude moet in *ewewig* wees. Met ander woorde daar moet nie geleentheid wees vir stok=perdjie-beoefening van dosent X nie. Ook hier kan die onderrigdoelwitte uitsluitsel gee. Moet 'n student by=voorbeeld die hele agtergrondsgeskiedenis van die hele Bybel leer van Abraham tot Bar Kochba? Moet hy oor elke moontlike en onmoontlike standpunt oor hermeneutiek inge=lig word? Uit dié oogpunt kan die leerplan ook bepaalde verhoudinge aandui waarin bepaalde kursusinhoude tot mekaar staan, bv:

| Inleiding | Skrifuitleg | Agtergrond | Bybelse Geskiedenis |
|---|---|---|---|
| 20% | 20% | 20% | 40% |

Die belangrikste gevolgtrekking vir die opstel van 'n leer=plan wat uit hierdie kriteria voortvloei, is dat die stof selektief en eksemplaries aangebied moet word, d w s as voorbeeld van hoe soortglyke onderwerpe hanteer moet word. Deur voorbeelde te behandel, kan van elke soort kennis en elke soort vaardigheid genoegsaam aangeleer word om verder self reg te kom. (Bv Inleiding tot één Pentateugboek verskaf 'n voorbeeld waarop die student self verder die ander boeke se Inleidings kan hanteer).

Die volg ook logies dat die selfwerksaamheid van die student hoog aangeslaan sal moet word deurdat hy/sy die kursus*inhoude* wat gedek moet word, maar waarvoor die voor=lesings nie ruimte het nie, self moet aanvul én self bepaalde *vaardighede* moet inoefen.

3 Die dosent en die student

Om 'n algemene leerplan te ontwerp, vereis dat die komitee rekening hou met die feit dat Bybelkunde*dosente* uit alle denk=bare denominasies kom, uit verskillende denkskole met ver=skillende metodes en aanpak en selfs verskillende kulturele agtergronde. Die studente is net so ryk geskakeerd. Aan die studente moet besondere aandag gegee word: Wie is hulle? Waaroor beskik hulle? Wat verwag hulle? Waarom volg hulle die kursus? Dis belangrike vrae, want *dit* is waar hulle in die eerste lesing van die eerste jaar ontmoet moet word om hulle te lei na wat as doel van die geheel gestel is.

Die oorgrote meerderheid Bybelkundestudente is reeds onder=wysers of is voornemende onderwysers wat die vak neem met die oog op Bybelonderrig of Bybelkunde op skool, of as 'n blote "onderwysvak" of as 'n "stopvak". Al na gelang die rede waar=om die vak geneem word, wissel die motivering by die student,

asook die verwagtinge:

a) Dié wat die vak met die oog op onderrig neem, verwag leerinhoude wat hom later gaan help,

b) Die ander verwag 'n "maklike" vak,

c) Die teologiestudente in hulle voorgraadse jare verwag dat hulle iets "preekbaars" sal leer en

d) Die laaste kategorie is studente wat Bybelkunde neem ter wille van hulle eie geloofsvorming of "meer kennis van die Bybel".

Kruis en dwars deur dié kategorieë loop daar verskillende ander lyne, bv verskillende grade van vertroudheid met die Bybelse inhoud, verskillende sienings van wat die Bybel is, hoe dit gebruik moet word, en verskillende kerklike strominge.

Die dosent aan die ander kant is 'n akademikus met redelik gevestigde sienings oor dieselfde sake as waaroor die studente bepaalde sienings huldig: Wat is die Bybel? Hoe moet dit gebruik word?, ens. Die dosent se primêre doelstelling is egter *akademiese vorming* en nie die aanbied van 'n "skoolvak" of "geloofsvorming" nie.

Hierdie verskille tussen dosent en student moet ook in die leerplanontwerp in gedagte gehou word, naamlik sô dat die student van sy eie sienings, opvattings, denkwyses en verwagtinge *gelei* sal word na dié wat regtig in verband met die *vak* Bybelkunde staan. Derhalwe sal daar in die eerste jaar veel nader aan die student se eie agtergrond beweeg moet word om hom op sy vlak "te gaan haal" as bv in die derde jaar. Die eerstejaarkursus sal daarom ook minder aandag gee aan "probleme" en meer aan "inhoud" as enige ander jaar.

Die belangrikste gevolgtrekking wat uit dié oorsig gemaak kan word, is waarskynlik dat die Bybelkundekursus die student vroeg moet bekendstel met

a) die ensiklopediese plek en

b) die aard en doelstellings van Bybelkunde as vak, én dat die kursus daar sal begin waar die student hom bevind met vooroordele en al.

## C DIE VOORGESTELDE LEERPLAN

1 Die eerste jaargang

a *Inleiding tot die studie van die Bybel*
Hier behoort twee sake aan die orde te kom: Waarom 'n mens *Bybelkunde* studeer, wat sy plek in die kennis=struktuur is, wat die doelstellings is, ens ên die *Bybel*: sy wording, die kanon, inspirasie, gesag, Woord van God, ens.

b *Die inhoud, samehang en wordingsgeskiedenis van die historiese boeke van die Bybel in breë trekke*
Heel kursories die inhoud, effens breër die samehang en "boodskap" van dié boeke as korpusse (Pentateug, Deuteronomis, Kronis, Sinoptiese evangelies, Handelinge), en heel kursories die ontstaansgeskiedenis van dié eenhede. Net vir oriëntering oor die geheel.

c *Die geografiese, kultuurhistoriese en argeologiese agtergrond van die Bybel*
Hier sal eksemplaries te werk gegaan moet word. Atlas=werk kan al by b aangemoedig word en hier saamgevat word. Die kultuurgeskiedenis kan òf tematies (rege=ringstelsels, kultus, wonings ens) òf per tydvak (premonargaal, monargaal, eksilies, ens) aangepak word.

d *Basiese beginsels van Skrifuitleg*
Hier kan aangesluit word by wat algemeen bekend is: allegorie, tipologie, letterlike verstaan, beoordeel aan die hand van beginsels soos verband, historiese konteks, ens. Dit ontmoedig verkeerde beginsels en begin beter uitlegbeginsels aankweek; geïllustreer aan die hand van spesifieke tekste, bv gelykenisse (OT en NT) en kernverse wat in die skoolsillabus verskyn.

e *Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspek=tief*
Enkele temas in hulle historiese kontekste en in hulle voortgang, bv Teokrasie, Messias, Godsbeskouing, Koninkryk van God, Verbond ens. Die geskiedenis van die begrippe (OT na NT) beklemtoon.

2 Tweede jaargang

a *Wordingsgeskiedenis van en samehange in die Pentateug, Sinoptiese evangelies, Profetiese literatuur en Pauli=niese geskrifte.*
Bou voort op eerste jaar se oorsig, maar klem op pro=bleemkarakter van wordingsgeskiedenis *plus* toevoegings

van nuwe stof: profete en Paulus. Ook hier behoort eksemplaries gehandel te word, bv die inleiding tot die Pentateug word opgevolg deur inleiding tot één boek uit die Pentateug, die inleiding tot die profetiese boeke word opgevolg deur inleiding tot één boek uit dié korpus, verkieslik uit die latere profete, ens. Die hoofklem kan val op die *korpus* en 'n voorbeeld illustreer die inleidings= wetenskap in één boek elk.

b *Geskiedenis, kultuurgeskiedenis en argeologie van Israel en die vroeë kerk*
Bou voort op eerste jaargang se behandeling van die his= toriese boek en kultuurgeskiedenis met meer klem op die probleem van geskiedskrywing uit Bybelse bronne. Weer eksemplaries aangebied met miskien selfstudie wat bv die *hele* geskiedenis dek: iets soos *Kingdom of God* (J Bright), *Geskiedenis van ou Israel* (Fensham en Pienaar), *Israel en sy Bure* (Van Zyl et al), of iets dergeliks.

c *Metodes van Skrifuitleg*
Bekendstelling met verskeie maniere van doen geïllustreer aan die hand van spesifieke kommentaarwerke wat daardie metodes gebruik, plus kritiese bespreking daarvan. Weer eksemplaries.

d *Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspektief*
Bou voort op eerste jaargang met temas soos Wet, Koninkryk van God, Volk van God, ens sodat die student die vaardig= heid sal bekom om soortgelyke temas soos in die skoolsilla= bus en handboeke verskyn, te evalueer.

3 Derde jaargang

a *Wordingsgeskiedenis van en samehange in die Geskrifte en Johannese korpus en/of Algemene Briewe*
Bou voort op tweede jaargang en word weer eksemplaries aangebied, bv algemene inligting tot korpus plus voorbeeld van één boek.

b *Hermeneutiek*
Begryp as "verstaanskunde" - wat behels verstaan van die Bybel? Verstaansprobleme soos die verhouding tussen die twee testamente, die kulturele kloof tussen die Bybel en ons, ens. soos geïllustreer deur die (samestelling van die) skoolsillabus.

c *Teksgeskiedenis en Bybelvertalings*
Kursoriese inleiding tot probleem van tekskritiek, die geskiedenis van die oorlewering en kopiëring van die Bybel=

se teks *plus* geskiedenis van vertalings en vertalings= tegnieke aangewend in die vertalings

d *Metodes van Skrifuitleg en kommentaarevaluering*
Bou voort op tweede jaargang se werk en gee nou meer spesifiek aandag aan die evaluering van kommentare: watter vertrekpunte speel 'n rol?, watter uitlegmetode word aangewend?, word beginsels van uitleg eerbiedig?, ens. Prakties geïllustreer aan dié tekste wat in die Wordingsgeskiedenis behandel is.

e *Ou- en Nuwe-Testamentiese temas in historiese perspektief*
Bou voort op tweede jaargang se werk en behandel bv temas soos apokaliptiek-profesie, wysheid, kerk, ens.

4 Opmerkings by die leerplan

a Die leerplan kan uiteraard nie voorskrywend wees nie, aan= gesien elke universiteit 'n bepaalde gemeenskap bedien en daarom bepaalde behoeftes en probleme het. Slegs die kursief getikte dele word daarom as voorstel ingedien. Die res is bedoel as verduideliking van die rigting waarin die komitee gedink het.

b Die komitee aanvaar ook dat nie almal hulle slaafs by dié voorstel sal kân hou nie. Ons reken egter dat daar op 'n leerplan besluit moet word waarvan daar verkieslik nie meer as 10-15% per jaargang afgewyk behoort te word deur indi= viduele universiteite nie. Anders gaan dit studente wat van die een na die ander universiteit oorskakel nog steeds te lank neem om agterstande in te haal.

c Die komitee aanvaar ook dat die leerplan hoegenaamd nie kan of wil voorskryf watter standpunte ten opsigte van die aan= gesnyde terreine aan studente as geldig voorgehou moet word nie.

d Die leerplan poog om sowel op horisontale as op vertikale vlak i) logiese gestruktureerdheid en
ii) progressie in moeilikheidsgraad te handhaaf:

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| III | (a) Wordingsge= skiedenis/ samestelling | (b) Teksgeskiede= nis/vertaling | (c) Hermeneu= tiek | (d) Skrifuitleg Kommentare | (e) Temas |
| II | (a) Wordingsge= skiedenis/ samestelling | (b) Geskiedenis/ Kultuurge= skiedenis | (c) Skrifuitleg Kommentare | | (d) Temas |
| I | (b) Inhoud,groei en samehang | (c) Kultuurge= skiedenis/ Geografie | (d) Skrifuitleg | | (e) Temas |
| | | (a) Inleiding tot die studie van die Bybel | | | |

e Om te verhoed dat stokperdjies uiteindelik die leerplan buite aksie stel wil die komitee voorstel dat daar rela= tiewe gewigte aan bepaalde kursuskomponente toegeken word, bv.

| Eerstejaar | Tweedejaar | Derdejaar |
|---|---|---|
| a 15% Inleiding | a 25% Wording | a 25% Wording |
| b 30% Historiese boeke | b 35% Geskiedenis | b 10% Hermeneutiek |
| c 20% Agtergrond | c 20% Skrifuitleg | c 25% Teks/vertaling |
| d 15% Skrifuitleg | d 20% Temas | d 20% Skrifuitleg |
| e 20% Temas | | c 20% Temas |

Hierdie gewigte het betrekking op doseertyd afgestaan en vertoon oor die drie jaar die volgende gemiddelde patroon:

| | |
|---|---|
| Agtergrond en geskiedenis (Ingereken teksgeskiedenis en gesk. van vertaling) | 30% |
| Inhoud/wording/samestelling | 30% |
| Skrifuitleg en hermeneutiek | 20% |
| Bybelse temas | 20% |

f Die leerplan maak ook voorsiening vir verskillende soorte studente: Die agtergrond- en geskiedenismateriaal saam met die Bybelse temas pas goed aan by behoeftes van onderwysers; die Skrifuitleggedeeltes saam met die "inleidingsmateriaal" en die temas is geskik vir teologiestudente, terwyl daar vir die belangstellende ook oorgenoeg ingepak is.

g Die eerstejaarskursus vorm terselfdertyd 'n baie breë oriënteringskursus en sal daarom ook sinvol kan wees vir 'n student wat die vak slegs op eerste= jaarsbasis volg.

h Wanneer daar na bestaande sillabusse verwys word, is die bedoeling dat dit positief krities benader sal word. Die bedoeling is deurgaans om 'n weten= skaplike openheid te kweek.

## *D SLOTOPMERKINGS*

Die komitee vertrou dat die werk wat in hierdie verslag gegaan het, 'n nuttige werksbasis sal daarstel en verwelkom kritiese opmerkings ter verbetering van die voorstel.